

Kleuterkasteel hou see-konsert



Op die foto's bo is van die kleuters van Kleuterkasteel Heilbron tydens hulle see-konsert op 9 November 2019. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie.

Kersfees "Hamper"

Kleuterkasteel het hierdie jaar 'n Kersfees "Hamper" uitgeloot teen R20 per kaartjie. Die gelukkige wenner, kry 'n pakkie met iets van als in, ter viering van die Feesseisoen. Die "hamper", ter waarde van ±R3 000, sluit in: 'n Skaap opgesaag en verpak, heel hoender, sosaties, roerbraai, beesvleis *roast*, maalvleis, wors, koopbewys vir kruideniers, beskuit, koekies, lekkers, hondepille, *charcoal & blits*, harebederf, deodorant, roll-on, handroom, 'n inkleurboek met potlode en 'n lekker wasgoedskottel. Baie geluk aan Yvonne Smit, Luanné Bester se ouma, wat hierdie pakket gewen het! Alwico Lesch het Juffrou Jessie Groenewald gehelp met die trekking hiervan. Micayla Keogh was die kleuter met die meeste kaartjie verkope - sy het ook 'n prys gekry vir haar harde werk.



Yvonne Smit en Luanné Bester.



Micayla Keogh en Juffrou Bokkie Myburgh.



Alwico Lesch en Jessie tydens die trekking.

Voortrekkers kyk terug ...

Racheltjie de Beer - kinderheld van 1843

Die Voortrekkers gaan kyk Racheltjie de Beer. Die voortrekkers het besluit om vir hul laaste Kommando-uitstappie vir die jaar, te gaan kyk na die verhaal van een van ons grootste kinderhelde, die dappere 12-jarige Racheltjie De Beer, wat in 1843 haar lewe gegee het om dié van haar broer te red, nadat hulle in 'n sneeu storm verdwaal het. Die kinders en ouers het dit vreeslik geniet al het daar 'n paar tranes gerol.

